

Maandag

Luk.17: 7 – 10; 1 Kor. 10: 14 – 21; Efe. 1: 1 – 14. Teks: 1 Kor. 10: 16: “Die beker van danksegging, waarvoor ons die Here dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie?” Tema: 'Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen.' Die wyn wat ons in die nagmaal drink word in 1 Kor. 10: 16 genoem die beker van danksegging. Die Here neem die derde wyndrinkgeleentheid van die Paasmaaltyd (van die Ou-Testament) en maak dit die teken vir sy dissipels dat hulle ingesluit is in sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding as mens uit die dood. Dit beteken dat hulle deel het aan sy veroordeling, sy vervloeking, sy straf en sy verwerping deur God as sonaar. In die nagmaal eet ons glad nie van die Paaslam nie. Die belangrikste deel van die Paasmaaltyd (van die Ou Testament) was die Paaslam en dit is glad nie op die Nagmaalstafel nie. Christus vat doelbewus die offerlam as die belangrikste deel van die Paasmaaltyd uit die Nagmaal weg en wys daarmee dat Hy alléén die Paaslam is. Met óns kan nooit gebeur wat met Hóm as Paaslam gebeur het nie. Daarom gee Christus aan ons die beker van DANKSEGGING, bedoelende die beker waaroor ons die Here dank vir wat Hy doen en met ons deel. Die danksegging is dank vir dit wat ons nooit self hoef te doen en self hoef te wees nie. Die beker van danksegging beseël ons gemeenskap met wat net Jesus ALLEEN doen. Dit wys dat die Here ons insluit en laat deel in wat Hy vir ons is en doen. Hy gee Homself as die offer wat die veroordeling, die vervloeking, die straf en verwerping dra, sonder dat ons dit ooit dra. Dit is juis omdat Hy ons insluit en laat deel in wat Hy ALLEEN dra, dat ons in hierdie gemeenskap met Hom geen veroordeling, geen vervloeking, geen straf of verwerping ooit sal ervaar vir die sondes wat ons doen nie en in dit wat Hy met ons deel juis vir God as mense heilig, regverdig, onberispelik en smetloos is, al leef ons sêlf nooit só nie. Preek beskikbaar op Google by ngkekrlevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Luk.17: 7 – 10; 1 Kor. 10: 14 – 21; Efe. 1: 1 – 14. Teks: 1 Kor. 10: 16: “Die beker van danksegging, waarvoor ons die Here dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie ?” Tema: 'Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen.' Die nagmaal stel ons voor die vraag wie dank vir wie in en deur die nagmaal (die beker van danksegging)? Dit is wat die Here vir ons self uitwys in die gelykenis van die slaaf wat sy dagtaak moet uitvoer en daarna nog vir sy Meester aandete moet gaan voorberei. Die punt van vergelyking in die gelykenis is dat wanneer die slaaf BUITE die huis werk is hy 'n dienaar en wanneer hy IN die huis van sy meester inkom, bly hy 'n dienaar. BUITE pas hy skape op en BINNE moet hy ete maak. Wat nooit kan gebeur as die slaaf in sy meester se huis ingaan nie, is dat hy 'n geesgenoot van sy meester word nie. Die direkte AFRIKAANSE Bybel stel dat dit onmoontlik is dat die Werkgewer ooit vir die arbeider sal sê: “Kom lê dadelik aan tafel aan”. Dit beteken: “Kom lê hier saam met my by my tafel en kom eet en kuier saam met my.” 'n Denaar bly 'n dienaar binne én buite die huis. Hy word nooit die eenaar se geesgenoot in krag, lewe, eiendom, lewe en bestuur wanneer hy in die huis inkom nie. Dit is net soos dit vandag nog werk met werkgewers en

werknemers op plase. Jy sal vir jou arbeider die opdrag gee om te gaan ploeg, water gee en gif spuit, en as hy vanaand by die huis kom, sal jy vir hom sê om hout te gaan haal, vuur te maak en vleis te braai, waarna hy huis toe kan gaan. Jy sal nooit vir 'n arbeider dankie sê vir sy dag se harde werk deur hom by jou by jou tafel te kom laat aanlê om saam met jou te eet en te kuier nie. In alles bly hy die arbeider en jy die eienaar en bestuurder. Hy word nooit jou geesgenoot nie. In die nagmaal wys die Here ons Hy maak ons dankbare DIENAARS. Hy bedank ons nie deur ons saam met Hom aan sy tafel te kom laat aanlê en kuier nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Luk.17: 7 – 10; 1 Kor. 10: 14 – 21; Efe. 1: 1 – 14. Teks: 1 Kor. 10: 16: “Die beker van danksegging, waarvoor ons die Here dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie ?” Tema: 'Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen.' Wat gebeur as die nagmaal 'n saam-aanlê-ete- met-God word? Paulus spreek presies net hierdie saak aan in 1 Kor. 10 en stel dit duidelik aan die gemeente – die nagmaal is nie 'n (af)godemaaltyd soos godemaaltye in al die afgodsdienste nie. In hierdie godemaaltye bring mense vir gode offers en dan word hulle offers 'n ete waarin hulle en hul gode saam aanlê en die offer saam geniet as 'n kuiergeleentheid. Godemaaltye is geleentheid waarin gode mense vir hul offervaardigheid bedank, vir skape op pas en lande ploeg, deur mense in te sluit in die goddelike lewe, krag eiendom en heerskappy van gode. Die nagmaal is presies net die teenoorgestelde van 'n aanlê ete as 'n gesellige saamkuier met God. Hoe?

1. Op die Nagmaalstafel is geen offervleis om te eet nie. Die offerlam is weggeeneem uit die Nagmaal uit.
2. Die tekens van die Nagmaal is nie 'n manier waarop God jou met 'n gesellige aanlê kuier bedank vir harde werk nie.
3. Hierdie tekens wys juis dat die Here jou insluit in wie Jesus Christus as mens in die hemel is. Wyn en brood simboliseer /verwys na bloed en vleis - nie goddelike lewe en kragte nie.
4. Met die brood en wyn bevestig die Here dat Hy ons laat deel in sy werklike MENSWEES vandag: om 'n straflose, onskuldige en oordeellose mens te wees omdat Hy vir jou die gebreekte sondaar en uitgegiete sondaar was; om jou vir God 'n regverdige en heilige mens te laat wees in jou vereniging met Christus as mens. In en deur dit wat God met die Nagmaal met ons laat gebeur maak Christus ons nie godsgenote nie, maar dankbare DIENAARS wat skape op pas en ploeg buite sy huis en dienaars wat dienaars bly as ons sy huis binnegaan. Dienaars wat die ete voorberei en voorsit vir God! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Luk.17: 7 – 10; 1 Kor. 10: 14 – 21; Efe. 1: 1 – 14. Teks: 1 Kor. 10: 16: “Die beker van danksegging, waarvoor ons die Here dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed

van Christus nie ?” Tema: 'Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen.' Eienaars wat hul slawe by hulle as geesgenote 'laat aanlê aan tafel' (sien vorige dagstukkies van hierdie week) maak hul slawe slegte werkers wat met nonsens besig is. Byvoorbeeld, 'n werkgewer kom en gee vir sy werknemer 'n handboor, skroewedraaier en ystervyl met die opdrag om 'n yster teen die muur vas te kry. En dan kom daardie "saam aanlê"-houding van hierdie werker na vore! Nou is die werker ontevrede met die toerusting waarmee hy sy werk moet doen en hierdie ontbrekende toerusting wat hy eis, skryf hy dan nou skielik toe aan die swak verhouding met die werknemer waarmee hy gisteraand saam aangelê het. Eers wil hy 'n elektriese boor hê, dan weer 'n elektriese skroewedraaier, en dan weer 'n “grinder”, want hy en sy toerusting het nou kamstig nie genoeg krag nie. Wanneer hy dit alles het, begin hy kla oor die werksomstandighede wat nie reg is nie, hy kan nie sonder 'n lugversorger, spesiale klere en lang etensure werk nie. Hy wil nie meer net 'n dankbare dienaar wees wat net sy plig moet uitvoer met die toerusting wat daarvoor gegee is nie. Hy is 'n nou 'n slegte dienaar wat net by sy werkgewer wil aanlê en saamkuier. Dit is die nuwe moderne Christelikheid binne die kerk! Mense wil by God aanlê sodat Hy sy goddelike krag, lewe, persoon en heerskappy met hulle moet deel. Hulle wil nie hul plig uitvoer met die seëninge van God in hul lewe nie. Moet hul dien, dan het hulle kamstig nie die krag van God, die vervulling met God se Gees nie, en moet God hul plig eers 'n wonderlike belewenis met spesiale gemoedsevarings maak. Hulle wil nie dienaars wees wat pligte uitvoer nie, maar geesgenote van God se drome, planne, en besluite as hul eie drome, planne en besluite ervaar. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds Petrus.

Vrydag

Luk.17: 7 – 10; 1 Kor. 10: 14 – 21; Efe. 1: 1 – 14. Teks 1 Kor. 10: 16 “Die beker van danksegging, waarvoor ons die Here dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie ?” Tema: 'Deur die nagmaal versterk die Here ons om ons nonsens te los en ons plig te doen.' Die Nagmaal is nie 'n aanlê kuier-geleentheid by God: “Kom lê dadelik aan die tafel aan”, nie (Luk. 17: 7), maar 'n teken waarmee die Here ons versterk dat Hy ons volledig en genoegsaam toegerus het om sy dankbare dienaars te mag wees. Die Nagmaal wys ons juis dat ons in al die beloftes van God as vervulde seëninge deel in en deur ons vereniging met Jesus se menswees in die hemel - sy liggaam en sy bloed.

- > Dankbare dienaars wat die nonsens los dat ons nie ons plig kan doen nie, omdat ons nie God se krag, lewe en mag met Hom deel nie;
- > Dankbare dienaars wat weet hulle diens is vir God heilig en onberispelik, al maak hulle aanhoudend foute en kan dit nooit volgens sy wet reg wees nie;
- > Dankbare dienaars wat weet hulle diens word as liefdeplig aanvaar;
- > Dankbare dienaars wat weet hulle is deel van God se groot diensspan op aarde, sy kerk;
- > Dankbare dienaars wat weet hulle sal nooit vir oortredings gestraf word nie en nooit uit diens ontslaan word nie deur die genade van die Here;
- > Dankbare dienaars wat weet God is by hulle deur sy Gees en los hulle nooit in hul

diensplig alleen nie.

Daarom wys die Nagmaal ons om met hierdie nonsens te stop dat ons met God 'n godemaal wil vier sodat ons kan begin om slegte dienaars te wees wat elke plig net wil ontduik deur sogenaamd meer goddelike krag, mag, lewe en outoriteit te wil verkry. Of ons kry vir elke plig een of ander verskoning oor die omstandighede waarin die Here ons sy dienaars laat wees om sodoende nie ons plig net uit te voer nie. Kom ons neem die teken van die Here op waarin Hy ons versterk om dankbare dienaars te wees wat volledig vir ons dienswerk TOEGERUS ÍS. Preek beskikbaar op Google by ngkerkevubu.co.za Ds. Petrus